**BEAUFORT-WES(T)**
**MUNISIPALITEIT // MUNICIPALITY**

**Kennisgewing Nr. 54/2004**

[Soos gewysig by Kennisgewing Nr. 74/2020: Provinsiale Koerant 8233 dateer 30 April 2020]

Die Raad van die Munisipaliteit van Beaufort-Wes publiseer onderstaande verordening, met betrekking tot die tariefbeleid van die Munisipaliteit van Beaufort-Wes, vir algemene kennisname

# TARIEFBELEIDVERORDENING

Om uitvoering te gee aan die implementering en toepassing van die munisipaliteit se tariefbeleid, soos vereis ingevolge artikel 75 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, No. 32 van 2000.

## AANHEF

**Nademaal** die munisipaliteit die reg het om die sake van die munisipaliteit te finansier deur gelde vir dienste te hef; en bobelasting op gelde, eiendomsbelasting en, in die mate deur nasionale wetgewing daartoe gemagtig, ander belastings, heffings en aksyns te hef;

**Nademaal** die raad van die munisipaliteit die verpligting het om daarna te streef om te verseker dat munisipale dienste op ’n finansieel en omgewings-volhoubare wyse aan die plaaslike gemeenskap verskaf word; en

**Nademaal** die munisipaliteit ’n tariefbeleid moet aanneem en implementeer ten opsigte van die heffing van gelde vir munisipale dienste;

**Aanvaar** die raad die hierdie Verordening en die tariefbeleid daarin vervat en verorden die Munisipaliteit van Beaufort-Wes soos volg:-

## 1. DEFINISIES

In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:-

**“beleid”** die raad se tariefbeleid soos van tyd tot tyd deur die raad goedgekeur;

**“deernishuishoudings”** huishoudings in die munisipale gebied waarvan die totale maandelikse huishoudelike inkomste gelyk is aan die som van twee maal staatsgefinansierde maatskaplike pensioene of minder.

**“gebruiker”** die persoon aan wie die munisipaliteit basiese munisipale dienste of ander dienste lewer;

**“hierdie Verordening**” ook die bylae daartoe;

“**munisipale dienste**” dienste wat deur die munisipaliteit ingevolge sy bevoegdhede en funksies voorsien word, of voorsien kan word, aan of tot voordeel van die plaaslike gemeenskap

“**munisipaliteit**” die munisipaliteit van Beaufort-Wes;

**“Raad”** die munisipale raad van die munisipaliteit;

“**Stelselswet**” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, No. 32 van 2000.

**“tarief”** gelde, kostes of fooie ten opsigte van enige funksie of diens van die munisipaliteit;

## 2. MUNISIPALE DIENSTE

Die raad sal-

(a) daarna te streef om te verseker dat munisipale dienste op ’n finansieel en omgewingsvolhoubare wyse aan die plaaslike gemeenskap verskaf word;

(b) die plaaslike gemeenskap raadpleeg oor-

(i) die vlak, kwaliteit, bestek en omvang van munisipale dienste wat deur die munisipaliteit voorsien word, óf direk óf deur middel van ’n ander diensverskaffer; en

(ii) die beskikbare opsies vir diensverskaffing;

(c) lede van die plaaslike gemeenskap billike toegang verleen tot die munisipale dienste waarop hulle geregtig is.

## 3. TARIEWE

(1) Die raad hef, ooreenkomstig die beleid, tariewe om munisipale dienste te finansier.

(2) Die beleid het ten doel om te verseker dat-

(a) gebruikers van munisipale dienste billik behandel word by die toepassing van tariewe;

(b) die bedrag wat individuele gebruikers vir dienste betaal in die algemeen in verhouding moet wees met hul gebruik van daardie diens;

(c) arm huishoudings minstens toegang gegee word tot basiese dienste, deur-

(i) tariewe wat bloot bedryfs- en instandhoudingskoste dek;

(ii) spesiale tariewe of lewenslyntariewe vir lae vlakke van gebruik of verbruik van dienste of vir basiese diensvlakke; of

(iii) enige ander regstreekse of onregstreekse metode van subsidiëring van tariewe vir arm huishoudings;

(d) tariewe die koste weerspieël wat redelikerwys met die lewering van die diens in verband gebring word, insluitende kapitaal-, bedryfs-, instandhoudings-, administrasie- en vervangingskoste, en renteheffings;

(e) tariewe teen vlakke gestel word wat die finansiële volhoubaarheid van die diens fasiliteer, met inagneming van subsidiëring uit bronne anders dan die betrokke diens;

(f) voorsiening in toepaslike omstandighede gemaak kan word vir ’n bobelasting op die tarief vir ’n diens;

(g) voorsiening gemaak kan word vir die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling deur spesiale tariewe vir kategorieë of kommersiële- en nywerheidsgebruikers;

(h) die ekonomiese, doeltreffende en effektiewe gebruik van hulpbronne, die herwinning van afval, en ander toepaslike omgewingsoogmerke aangemoedig moet word;

(i) die mate van subsidiëring van tariewe vir arm huishoudings en ander kategorieë gebruikers volledig openbaar gemaak moet word.

(3) Die Raad onderskei in die beleid tussen verskillende kategorieë gebruikers, debiteure, diensverskaffers, dienste, diensstandaarde, geografiese gebiede en ander aangeleenthede, op ’n wyse wat nie neerkom op onbillike diskriminasie nie.

(4) Die Raad raadpleeg die plaaslike gemeenskap oor strategiese besluite wat betrekking het op die beplanning en verskaffing van munisipale dienste en die invloed daarvan op tariewe

(5) Die Raad het die reg om die tariewe vas te stel, te hersien of aan te pas ingevolge sy tariefbeleid.

**4. TOEPASSING**

Hierdie verordening geld ook ten opsigte van die heffing van tariewe vir munisipale dienste wat deur middel van diensleweringsooreenkomste, verskaf word, en wat aan die bepalings van Stelselswet en enige ander toepaslike wetgewing voldoen.

**5. HERROEPINGS**

Die volgende verordening word hierby in geheel herroep:-

1. Verordening insake die Heffing van Beskikbaarheidsgelde, PK 1209/1977 dateer 15 Desember 1977.

Munisipale Kantore
Donkinstraat 112
**Beaufort-Wes**
6970

**K.J. Haarhoff**
**Munisipale Bestuurder**

**Verw. No.** 1/1/5/4
**Datum:** 13 Mei 2020